**_ELJADA HUIS_**
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont
012 377 0503 / 072 855 8289

13 November 2014

Dagsê Almal

Ds Cobus (GK Daspoort) roep vir Sonja en Jenny om voor die preekstoel hul plekke in te neem. Albei is baie senuagtig maar baie braaf. Die vrae word gevra en albei sê duidelik "Ja" en so bely hul albei hul geloof voor die gemeente. Ds klim van die preek stoel af om hulle geluk te wens en vra dat hulle moet omdraai terwyl ons vir hulle Ps 20 sing. Jenny se trane vloei vrylik en so ook myne en ŉ groot deel van die gemeente saam met ons. Sonja sluk swaar aan haar eie trane. Wat ŉ heuglike gebeurtenis in die geskiedenis van Eljada Huis om te beleef. Ons dank aan ons Skepper Heer wat dit moontlik gemaak het. Hulle het albei lank gekatkiseer om by hierdie dag uit te kom en hul vreugde is groot.

Hiermee wil ek graag ŉ uitnodiging rig aan almal om in 2015 meer betrokke te raak by hierdie huis. Elkeen kan sy gawes hier kom aanwend tot voordeel van die wat minder bevoorreg is maar veral vir diegene wat soekend is na ŉ rotsvaste anker in hul lewens. Eljada Huis bied ŉ uitreik geleentheid vir een en almal op alle vlakke van menswees – kosmaak, kleremaak, vervoer na en van hospitale, binnelandse sake, winkelsentrums. Meeste van hierdie swaarkry mense het nie vervoergeleenthede nie en moet loop waar hulle wil wees. Geld is daar ook nie om bus te ry nie. Ek het met verstomming na die opgewonde "Haai kyk die trein" geluister toe ek hulle met die kombi aanry na GK Rietvallei toe op 1 Nov vir die Koop en Kuier dag. Weereens het ek tot die besef gekom dat ek onbeskryflik bevoorreg was om in ŉ "huis" te kon grootword met ŉ liefdevolle moeder en vader waar ons elke dag kon eet en bad, skoon klere uit ŉ kas te kon haal en met die motor kerk toe kon ry en familie wat omgee deel van my lewe was. Ons het dit as vanselfsprekend aanvaar en nooit besef daar is baie mense wat nooit daardie voorreg gehad het nie. Daarom is ek dankbaar dat die Here my hier kan gebruik om vir hulle ŉ bietjie liefde te kan gee – iets wat by baie van hulle ook maar baie min gebeur het. Ek sien uit daarna om julle hier te ontvang.

Ons nader vinnig die einde van hierdie jaar wat soos ŉ gedagte verbygegaan het en ek en Petro het besluit om vir elke vrou die geleentheid te bied om vir haar huisgesin ŉ bietjie kleinkoekies te bak voor ons sluit van 12 Des 2014 tot 19 Jan 2015. **_Ek benodig asb koekmeel, suiker, eiers en margarien daarvoor._** Ons wil graag volgende week daarmee begin. Baie dankie by voorbaat.

Ek wil weereens benadruk dat ons **_KOSKAS_** groot nood beleef om in die daagliks behoeftes te voorsien. Ons benodig vars-en sojavleis, geblikte vleis en vis(naweke maak hul self kos en baie min van hulle het krag of stofies), bakedbeans, koffie, tee(rooibos en gewoon), melk(boks of poeier want meeste van hulle het nie yskaste nie), margarien(ons eet gemiddeld 3-4 brode p/dag)(hulle maak ook broodjies vir hul kinders vir skool), broodsmere soos Bovril, grondboontjiebotter, stroop en konfyt, **_SUIKER_**, kitsmieliemeel(om krag te spaar), makaronie en spaghetti, sout, peper en speserye, soppakkies, aanmaak koeldrank, kookolie en eiers. Luukshede soos kaas, kondensmelk, vlapoeier, koek meel vir vetkoek, gis en lekkernye vir die kinders sal ook baie welkom wees maar is nie noodsaaklik nie.

Ek wil weer vra dat elke lidmaat elke Sondag net EEN blikkie of pakkie(sop of soja) saamneem kerk toe en in ŉ boks/krat in hul kerk se portaal plaas gemerk Eljada Huis Kosprojek. Ek is bereid om Maandae die rondte te doen en dit gaan afhaal. BAIE DANKIE BY VOORBAAT".

Ander dringende behoeftes vir die huis:

- **Toiletware soos seep, tandepasta, was poeier, onderarmrol, spuitgoed, skeermes lemmetjies waslappe, nael- borsel en knipper, skeerroom, lyfpoeier.**
- **Plastiese sakke – "Checkers", ander groot en klein, bakke en bottels.**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek. Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Staaltafels vir die groenteprojek**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe**
- **Inloopyskas en gewone yskaste**
- **Kombuiskaste – veral staal**
- **Ou kaste en tafels**
- **Rekenaars, ou selfone en TV's asb**
- **Radiotjies**
- **_KONTANT IN DIE BANK / Debietorder_**

Eljada Huis groete. Annatjie.

**_Bankbesonderhede_**
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**